TUSSENVERSLAG
ONGEOUDITEERDE RESULTATE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG
31 DESEMBER 2020

EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede	af met 52.7%
Totale wesensverdienste per aandeel	af met 67.1%
Tussendividend per aandeel	30 sent
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel	R161.98

Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

INHOUD

INLEIDING	2
GROEP FINANSIËLE OORSIG	3
VERANDERINGE AAN DIREKSIE	10
VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND	10
SAMESTELLING VAN TOTALE WESENSVERDIENSTE	11
SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE	12
GROEP FINANSIËLE STATE	13
INLIGTING OOR ONGENOTEERDE BELEGGINGS	25
DIREKSIE	29
MAATSKAPPY-INLIGTING	29

INLEIDING

COVID-19

Die tweede golf van Covid-19 in die tweede helfte van 2020 het Suid-Afrika harder getref as verwag, met ‘n nuwe variant wat hoër infeksiekoerse en erger simptome tot gevolg gehad het. Dit het tot die instelling van verdere inperkingsmaatreëls gelei in ‘n poging om die verspreiding van die virus te bekamp en druk op die gesondheidsorgstelsel te verlig. Dit alles het ‘n vernietigende uitwerking op miljoene Suid-Afrikaners gehad met verlies van lewens en lewensbestaan, huishoudelike finansies wat erg geraak is en baie mense wat in groot dele van die land hongersnood ervaar het. Die pandemie het ontwikkel in die ergste werkloosheidskrisis in hedendaagse tye en, aangesien lewens onvermydelik aan lewensbestaan gekoppel is, in ‘n humanitêre ramp.

Bestuur te midde van hierdie krisis bly vir Remgro en al sy onderliggende beleggings die hoofprioriteit. Remgro se fokus bly op die faktore wat binne sy beheer is, die gesondheid en welsyn van sy mense, om toe te sien dat sy beleggings robuus en finansieel geposisioneer is om besigheidkontinuïteit moontlik te maak en te verseker dat onderliggende beleggings wat in ‘n posisie is om die land te help, daartoe in staat gestel word.

Terwyl die pandemie en inperkingsmaatreëls ‘n wydverspreide direkte en indirekte impak op die meeste van Remgro se onderliggende beleggings gehad het, het sy portefeulje stewigheid getoon en vertroue gewek dat hul goed geplaas is om hierdie storm te trotseer en die unieke uitdagings wat die krisis bied, te oorkom.

In reaksie op die versoek aan alle maatskaplike vennote om te help om oplossings te vind vir die inentingsprogram, het Remgro, saam met sy onderliggende beleggings in die mediese en logistieke sektore, aktiewe steun aan die regering gegee in sy dringende pogings om ‘n doeltreffende inentingsprogram vir alle Suid-Afrikaners daar te stel en uit te voer.

RESULTATE IN KONTEKS

Die resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2020 is nie direk vergelykbaar met die ses maande geëindig 31 Desember 2019 nie, omdat dit betrekking het op ‘n tydperk voor Covid-19. Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is wesentlik beïnvloed deur die verminderde bydrae van Mediclinic International plc (Mediclinic) (laer met 80.2%), wat die volle impak van die Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls op sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2020 ingesluit het. Daarby het die rekeningkundige herklassifikasie van FirstRand Beperk (FirstRand), van ‘n geëkwiteerde belegging na ‘n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste, beteken dat geen verdienste van FirstRand verantwoord is vir die tydperk onder oorsig nie, terwyl R548 miljoen in die vergelykende tydperk ingesluit is. Weens die Covid-19-pandemie het FirstRand geen dividende in die tydperk onder oorsig betaal nie. Met die uitsluiting van Mediclinic en FirstRand, het die res van Remgro se beleggingsportefeulje ‘n stewige vertoning gedurende die Covid-19-pandemie gelewer, met hul bydrae tot Remgro se wesensverdienste wat met slegs 7.7% afgeneem het.

GROEPPROFIEL

Remgro, wat oorspronklik in die 1940’s deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings, versprei oor nege kategorieë. Die maatskappy is op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, onder die “Finansieel – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde

INLEIDING (vervolg)

GROEPPROFIEL (vervolg)

Finansiële Dienste"-sektor genoteer, met die aandelekode "REM". Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid en media industrieë. Remgro se mees wesentlike beleggings is Mediclinic (44.6%-belang), Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) (30.6%-belang), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) (54.7%-belang), FirstRand (4.0%-belang), Distell Group Holdings Beperk (Distell) (31.8%-belang), RCL Foods Beperk (RCL Foods) (80.4%-belang), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) (100.0%-belang), Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) (50.0%-belang), Total South Africa Eiendoms Beperk (Total) (24.9%-belang) en Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) (43.0%-belang). Hierdie beleggings dra ongeveer 88% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.

GROEPVERSLAGDOENING

Vanweë die feit dat Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, is tradisionele prestasiemetings, soos verkope of bruto wins, nie betekenisvolle maatstawwe om die groep se vertoning te evalueer nie. Bestuur gebruik egter "wesensverdienste", "intrinsieke netto batewaarde" en "kontant by die kern" om die groep se vertoning op 'n deurlopende grondslag te evalueer en daarom word hierdie konsepte deurgaans in hierdie verslag gebruik om aandeelhouers 'n beter begrip van Remgro se resultate te gee.

Van tyd tot tyd mag korporatiewe transaksies daartoe lei dat wesentlike items in die inkomstestaat erken word wat nie in die berekening van wesensverdienste uitgesluit mag word nie. In sodanige gevalle mag die groep kies om alternatiewe verdienste maatstawwe te openbaar wat hierdie items uitsluit ten einde vergelykbaarheid tussen rapporteringstydperke te bevorder.

In ooreenstemming met paragraaf 3.4(b)(v) van die JSE se Noteringsvereistes, bevestig die maatskappy weer die gebruik van wesensverdienste per aandeel vir handelsverklaringsdoeleindes. Dit word steeds as 'n toepaslike maatstaf beskou gegewe dat, vir 'n beleggingshouermaatskappy, die evaluering van wesensverdienste 'n sleutelprestasiemaatstaf is.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

FINANSIËLE HOOFTREKKE

	31 Des 2020	% Verandering	31 Des 2019
Totale wesensverdienste (R miljoen)	**1 398**	*(67.0)*	4 242
- per aandeel (sent)	**247.4**	*(67.1)*	750.9
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)	**1 398**	*(52.6)*	2 952
- per aandeel (sent)	**247.4**	*(52.7)*	522.5
Gewone tussendividende per aandeel (sent)	**30**	*(86.0)*	215

	31 Des 2020	% Verandering	30 Junie 2020
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel (R)	**161.98**	*4.9*	154.47
Remgro-aandeelprys (R)	**96.20**	*(3.7)*	99.90
Persentasie diskonto tot intrinsieke netto batewaarde (%)	**40.6**		35.3

VERGELYKING MET VORIGE TYDPERK

RMB Holdings Beperk (RMH) en FirstRand

Gedurende Junie 2020 het Remgro sy 28.2%-belang in RMH ontbondel (RMH-ontbondeling) en gevolglik is die belegging in RMH as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer vir die jaar geëindig 30 Junie 2020. Vir die tydperk onder oorsig word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywighede aangebied en gevolglik sluit beëindigde bedrywighede die geëkwiteerde inkomste van RMH vir die vergelykende ses maande tot 31 Desember 2019 in.

Daar moet ook op gelet word dat met ingang van 8 Junie 2020, Remgro se beduidende invloed oor FirstRand beëindig is vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en gevolglik is die belegging herklassifiseer van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (FirstRand-herklassifikasie). Vir die vergelykende ses maande tot 31 Desember 2019 is die belegging in FirstRand geëkwiteer, terwyl, vanaf die datum van die FirstRand-herklassifikasie, net dividendinkomste van FirstRand in

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

VERGELYKING MET VORIGE TYDPERK (vervolg)

die inkomstestaat verantwoord sal word. Geen dividende is vanaf FirstRand gedurende die tydperk onder oorsig ontvang nie (2019: kontantdividende van R334 miljoen).

Rapporteringskategorieë

Elke wesentlike belegging word as 'n bedryfssegment geklassifiseer. Bedryfssegmente word in kategorieë aangebied. Kategorieë bestaan uit beleggings met soortgelyke ekonomiese eienskappe. In 'n poging om Remgro se beleggings meer akkuraat te klassifiseer, is die kategorieë waarin daar oor die resultate van onderliggende beleggings gerapporteer word, gewysig en sommige beleggings hertoegedeel in lyn met interne rapportering ten einde kommunikasie met belangegroepe te verbeter. Die *media en sport* en *ander beleggings* kategorieë, waaronder gerapporteer is tot aan die einde van die 2020-finansiële jaar, is met die volgende nuwe kategorieë vervang:

- *Media* (bestaande hoofsaaklik uit eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments));
- *Portefeuljebeleggings* (nie-strategiese beleggings bestaande uit hoofsaaklik FirstRand en British American Tobacco plc (BAT));
- *Gediversifiseerde beleggingsvoertuie* (entiteite wat self beleggings maak, bestaande hoofsaaklik uit KTH, die Chinese fondse, Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin) en Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)); en
- *Maatskaplike impakbeleggings* (bestaande hoofsaaklik uit die Blue Bulls-rugbyfranchise en Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk (SAS)).

Vergelykende syfers is dienooreenkomstig aangebied.

WESENSVERDIENSTE

Oorsig

Vir die tydperk onder oorsig het totale wesensverdienste met 67.0%, vanaf R4 242 miljoen tot R1 398 miljoen, afgeneem, terwyl totale wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 67.1%, vanaf 750.9 sent tot 247.4 sent, afgeneem het. Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede het met 52.6%, vanaf R2 952 miljoen tot R1 398 miljoen afgeneem, terwyl WVPA van voortgesette bedrywighede met 52.7% vanaf 522.5 sent tot 247.4 sent afgeneem het.

Die afname in wesensverdienste van voortgesette bedrywighede is hoofsaaklik meegebring deur die laer bydraes van Mediclinic en FirstRand, sowel as laer rente-inkomste as gevolg van die verlaging van die 300 basispunte in rentekoerse sedert Januarie 2020.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

	Ses maande geëindig			Jaar geëindig
R miljoen	31 Des 2020	% Verandering	31 Des 2019	30 Junie 2020
Gesondheidsorg	**170**	*(80.2)*	858	1 655
Verbruikersprodukte	**1 018**	*4.2*	977	545
Finansiële dienste	**506**	*(4.2)*	528	624
Infrastruktuur	**(218)**	*(28.2)*	(170)	(716)
Nywerheid	**385**	*(0.3)*	386	267
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**(12)**	*(116.0)*	75	(255)
Media	**10**	*(77.8)*	45	78
Portefeuljebeleggings	**42**	*(92.7)*	573	695
Maatskaplike impakbeleggings	**(14)**	-	-	19
Sentrale tesourie				
- finansieringsinkomste	**114**	*(58.7)*	276	479
- finansieringskoste	**(483)**	*(1.0)*	(478)	(951)
- opsie hermeting	**-**	*(100.0)*	1	2
Ander netto korporatiewe koste	**(120)**	*(0.8)*	(119)	(705)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**1 398**	*(52.6)*	2 952	1 737
Beëindigde bedrywighede	**-**	*(100.0)*	1 290	1 430
Totale wesensverdienste	**1 398**	*(67.0)*	4 242	3 167

Verwys na bladsye 11 en 12 vir die segmentinligting.

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R170 miljoen (2019: R858 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 80.2% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid met betrekking tot sekere soorte uitsonderlike inkomste en koste uitskakel, vir prestasiebeoordeling en as ‘n metode om duidelike en konsekwente rapportering aan sy aandeelhouers te verskaf. Die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste het verband gehou met ‘n belastingkrediet van £32 miljoen in die ooreenstemmende tydperk ten opsigte van ‘n verlaging in Switserse statutêre belastingkoerse. Remgro se gedeelte van Mediclinic se aangepaste verdienste het R160 miljoen (2019: R597 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 73.2% verteenwoordig.

Mediclinic se verdienste en winsgewendheid is in April 2020 beduidend geaffekteer deur die skielike instelling van Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls. Sedert Mei 2020 het die verslapping van beperkings tot ‘n stewige herstel in die bedryfsvertoning in Switserland en die Midde-Ooste gelei. Gedurende die somermaande het die Midde-Ooste, en in ‘n mindere mate Hirslanden, baat gevind by teenseisoenale tendense as gevolg van reisbeperkings, asook uitgestelde prosedures tydens die inperkingstydperk. Suider-Afrika het ‘n meer geleidelike herstel na die aanvanklike spits van die Covid-19-pandemie ervaar.

In Britse pondterme het Mediclinic ‘n afname in aangepaste verdienste van 76.7%, wat die verswakking van die gemiddelde SA randwisselkoers teenoor die Britse pond weerspieël, gerapporteer. Hierdie afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die skielike inkomstedaling (7% laer), wat vererger is deur ‘n grootliks vaste werknemerkostebasis, waardevermindering en amortisasie, asook salarisverhogings vir verpleegpersoneel, personeelvoorsiening weens isolasie- en kwarantynregulasies en ‘n toename in die vraag na kritieke versorgingspersoneel. Binne die konteks van verbruiks- en voorraadkoste, het die gebruik en koste van persoonlike beskermende toerusting skerp gedurende die aanvanklike spits van die pandemie toegeneem voordat dit begin stabiliseer het. Inkrementele Covid-19-verwante uitgawes het £17 miljoen bedra.

Remgro het Mediclinic se resultate vir die ses maande tot 30 September 2020 geëkwiteer. Op 22 Januarie 2021 het Mediclinic ‘n toename van 2.5% in inkomste vir die derde kwartaal tot 31 Desember 2020 gerapporteer, hoofsaaklik te danke aan buitengewone hoë pasiëntbedrywighede gedurende Desember 2020 in Suider-Afrika en die Midde-Ooste. Gedurende hierdie tydperk het Mediclinic voortgegaan om aan te pas en bedryfsuitdagings die hoof te bied wat met die erger golf van die pandemie gepaardgegaan het. Mediclinic werk saam met gesondheidsowerhede om regeringsgeleide Covid-19-inentingsprogramme by die Hirslanden- en Midde-Oosterse fasiliteite te ondersteun.

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R1 018 miljoen (2019: R977 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 4.2% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 14.5% tot R411 miljoen (2019: R359 miljoen) toegeneem. RCL Foods rapporteer onderliggende wesensverdienste, aangepas vir direkte Covid-19-uitgawes en *IFRS 9* billike waarde aanpassings, wat verband hou met kommoditeitskontrakte as deel van die grondstofverkrygingstrategie, ten einde aan aandeelhouers vergelykbare resultate te gee. Covid-19-spesifieke koste vir die tydperk het R120 miljoen bedra. RCL Foods het ‘n toename van 30.6% in onderliggende wesensverdienste gerapporteer, veral danksy beter resultate deur die suiker, bak en die Vector Logistics-besigheidseenhede. Suiker se beter vertoning is teweeggebring deur hoër verkoopsvolumes, ‘n toename in pryse en ‘n suksesvolle verskuiwing in die verkoopsmengsel na hoërprysverkope in die plaaslike mark. Suikerinvoere het wesentlik laer gebly as in die vergelykende tydperk, wat ‘n meer gesonde aanbod-vraag-balans ondersteun het. Die bak besigheidseenheid het ‘n aansienlike verbetering getoon, gerugsteun deur ‘n sterk aanvraag en ‘n ommekeer van die Gauteng-bakkerye. Vector Logistics het bevredigende inkomste en onderliggende EBITDA-groei getoon ondanks die voortgesette impak van Covid-19. Hoender het teleurstellende resultate gelewer weens swak Cobb-genetika op grootouervlak wat tot die substandaard-eierproduksie en swak broeivermoë van die ouervlak aanleiding gegee het.

Distell se bydrae tot wesensverdienste het R428 miljoen (2019: R384 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 11.5% verteenwoordig. Distell rapporteer genormaliseerde verdienste, aangepas vir buitengewone transaksies en wisselkoersbewegings, om die besigheid se vertoning aan te dui. Hierdie buitengewone transaksies sluit afleggings en herstruktureringskoste in. Distell het ‘n toename van 24.0% in genormaliseerde verdienste gerapporteer, hoofsaaklik vanweë ‘n toename van 3.8% in inkomste tot R15.4 miljard, op 0.8% hoër volumes, en die beperking van bedryfskoste, wat met 3.2%, in ooreenstemming met inflasie, toegeneem het.

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

Verbruikersprodukte (vervolg)

Hoewel 41 handelsdae weens die tweede en derde verbod op alkoholverkope verlore gegaan het, het plaaslike inkomste slegs met 0.5% afgeneem, terwyl volumes met 1.4% afgeneem het. Inkomste in Afrika-markte, buite Suid-Afrika, het met 12.7% en volumes met 11.7% toegeneem, terwyl inkomste in internasionale markte, buite Afrika, met 15.4% toegeneem en volumes met 9.1% afgeneem het weens die beëindiging van verkope van minder winsgewende wynhandelsmerke, grootmaatwhisky en uittrede uit die gereed-om-drink(RTD)-besigheid. Buiten Distell se bydrae, het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R23 miljoen (2019: R23 miljoen) verantwoord wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Die wesensverdienstebydrae van Siqalo Foods het R242 miljoen (2019: R297 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 18.5% verteenwoordig. Ingevolge ‘n oorgangsooreenkoms met Unilever het Siqalo Foods ‘n na-belaste afsluitingsbedrag ten bedrae van R31 miljoen in die vergelykende tydperk van Unilever ontvang. Met uitsluiting van die afsluitingsbedrag het Siqalo Foods se bydrae tot wesensverdienste van R266 miljoen tot R242 miljoen (of 9.0%) afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan laer rente-inkomste as gevolg van laer rentekoerse en ‘n laer gemiddelde kontantbalans weens dividendbetalings, wat deels teengewerk is deur ‘n 6.2%-toename in volumes en ‘n 5%-toename in bedryfs-EBITDA. Buiten Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R40 miljoen (2019: R40 miljoen) verantwoord, wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 2 Julie 2018 beheer oor Siqalo Foods verkry het.

Finansiële dienste

Die bydrae deur finansiële dienste tot Remgro se wesensverdienste het R506 miljoen (2019: R528 miljoen) bedra, ‘n afname van 4.2%.

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 3.2% tot R488 miljoen (2019: R504 miljoen) afgeneem. Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere afwykings uitsluit, het RMI ‘n toename van 10.5% in verdienste gerapporteer. Hierdie toename is meegebring deur ‘n toename in OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance) se verdienste (22.9% hoër) en laer befondsingskoste vanweë die afname in die prima-uitleenkoers, deels teengewerk deur ‘n afname in Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) se verdienste (42.9% laer).

Met uitsluiting van OUTsurance se aandeel in Hastings Group Holdings plc (Hastings), het OUTsurance se verdienste met 22.5% toegeneem, hoofsaaklik danksy ‘n laer eisefrekwensie tesame met ‘n afname in natuurramp-verwante verliese in Australië en Suid-Afrika, asook ‘n aansienlike toename in beleggingsinkomste namate ekwiteitsmarkte, ondanks die laer rentekoersomgewing, herstel het. Die afname in Momentum Metropolitan se verdienste is hoofsaaklik te wyte aan ‘n bykomende Covid-19-voorsiening wat, onder andere, verband hou met potensieel hoër sterfte-eise, ‘n toename in opseggings- en sakeonderbrekingseise. Ondanks die Covid-19-voorsiening het Momentum Metropolitan goeie bedryfsresultate en besigheidsgroei gelewer. Die verdienste van Discovery Holdings Beperk het met 1.2% afgeneem, terwyl die verdienste van Hastings met 9.4% toegeneem het.

Business Partners se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 25.0% tot R18 miljoen (2019: R24 miljoen) afgeneem. Die afname was as gevolg van laer netto rente-inkomste vanweë die afname in die prima-rentekoers, asook laer eiendomsinkomste weens huurverligting aan kliënte en ‘n aansienlike toename in onbesette ruimtes.

Infrastruktuur

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R209 miljoen (2019: ‘n verlies van R197 miljoen) bedra. Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se omset het konstant gebly op R1 188 miljoen (2019: R1 190 miljoen). Die annuïteitsinkomste het tot R187 miljoen per maand toegeneem op 30 September 2020 (30 September 2019: R174 miljoen per maand), wat teengewerk is deur laer inkomste uit konstruksiedienste en laer inkomste uit netwerkbates wat aan die einde van die vergelykende tydperk na Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) oorgedra is. Vumatel se omset het met 43% tot R1 092 miljoen toegeneem, aangedryf deur ‘n groei in intekenare en die verkryging van bykomende netwerke van ‘n DFA-filiaal. Covid-19 het die vraag na data versnel en terselfdertyd die vertoning van die vesel-tot-huis-mark (FTTH) ondersteun.

Grindrod Beperk (Grindrod) en SEACOM Capital Beperk (SEACOM) se bydraes tot Remgro se wesensverdienste het onderskeidelik R15 miljoen en R35 miljoen (2019: R41 miljoen en R9 miljoen) bedra, terwyl ander infrastruktuurbeleggings Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping) se bydrae insluit,

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

Infrastruktuur (vervolg)

wat ‘n verlies van R58 miljoen (2019: ‘n verlies van R22 miljoen) behels het. Die toename in die verlies van Grindrod Shipping is hoofsaaklik die gevolg van ‘n afname in droëvrag-spotkoerse, wat deur die laer droëvragaanvraag weens die Covid-19-pandemie beïnvloed is.

Nywerheid

Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 10.0% tot R153 miljoen (2019: R170 miljoen) afgeneem. Die afname is weens moeilike handelstoestande, grootliks as gevolg van Covid-19, met gedempte vraag in die meeste sektore van die besigheid.

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 41.0% tot R98 miljoen (2019: R166 miljoen) afgeneem. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is gunstige voorraad-herwaardasies ten bedrae van R36 miljoen (2019: R3 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent-ru-olieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van die herwaardasies, het die bydrae met 62.0%, van R163 miljoen tot R62 miljoen, afgeneem. Die afname kan grootliks aan die impak van die Covid-19-inperkings toegeskryf word, wat aansienlike volumedalings tot gevolg gehad het, sowel as ‘n afname in die basiese brandstofprys en negatiewe raffineringsmarges wat by Natref ervaar is.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 120.9% tot R148 miljoen (2019: R67 miljoen) toegeneem hoofsaaklik danksy hoër verkoopsvolumes. Wispeco het voordeel getrek uit ‘n vermindering in die Suider-Afrikaanse uitperskapasiteit en laer uitpersinvoere wat deur Covid-19-beperkings veroorsaak is.

Ander nywerheidsbeleggings bestaan uit PGSI Beperk (PGSI) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat ‘n verlies van R14 miljoen (2019: ‘n verlies van R17 miljoen) bedra het.

Gediversifiseerde beleggingsvoertuie

KTH se bydrae tot wesensverdienste het R11 miljoen (2019: R102 miljoen) bedra. Die afname in KTH se wesensverdienste was hoofsaaklik te wyte aan laer geëkwiteerde inkomste uit sy beleggings in Fidelity Bank (Ghana) Beperk (weens die verkoop daarvan) en Momentum Metropolitan, negatiewe billike waarde aanpassings ten opsigte van die beleggings in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk en Momentum Metropolitan, asook laer inkomste van Kagiso Media Eiendoms Beperk (Kagiso Media) weens die impak van Covid-19.

Die bydrae van ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie tot wesensverdienste het ‘n verlies van R23 miljoen (2019: verlies van R27 miljoen) bedra. Hierdie verlies hou grootliks verband met die geëkwiteerde verlies van Bos Brands Eiendoms Beperk (Bos Brands) ten bedrae van R53 miljoen (2019: ‘n verlies van R41 miljoen).

Media

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R7 miljoen (2019: R36 miljoen) afgeneem. Die afname is die gevolg van laer advertensie-inkomste, wat eMedia Investments se belangrikste bron van inkomste is. Televisie- en radio-advertensies is erg deur die verskillende vlakke van inperking, beide internasionaal en plaaslik, geraak. Op ‘n jaargrondslag het die televisie-advertensiemark ‘n afname van meer as 30% getoon, terwyl eMedia Investments se advertensie-inkomste met slegs 20% afgeneem het. Advertensie-inkomste het reeds begin om ‘n oplewing te toon en eMedia Investments is vol vertroue dat die ergste impak op inkomste weens Covid-19 reeds geabsorbeer is. Die algehele markaandeel vir die eMedia-groep in spitstyd in Desember 2020 was 29.6% teenoor 24.7% ‘n jaar gelede, ‘n toename van 19.8%.

Portefeuljebeleggings

Die bydrae deur portefeuljebeleggings tot wesensverdienste het R42 miljoen (2019: R573 miljoen) bedra. Die rede vir die afname is dat geen dividende van FirstRand ontvang is nie teenoor geëkwiteerde verdienste van R548 miljoen in die ooreenstemmende tydperk. Die tydperk onder oorsig sluit dividende ten bedrae van R42 miljoen (2019: R25 miljoen) in wat van BAT en Reinet Investments SCA ontvang is.

Maatskaplike impakbeleggings

Maatskaplike impakbeleggings bestaan hoofsaaklik uit verskeie sportbelange, waaronder ‘n belang in die Blue Bulls-rugbyfranchise en SAS.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R114 miljoen (2019: R276 miljoen) bedra. Die afname is die gevolg van laer plaaslike rente wat verdien is weens die afname van 300 basispunte in die Suid-Afrikaanse repokoers sedert Januarie 2020, sowel as ‘n laer gemiddelde plaaslike kontantbalans.

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste (vervolg)
Finansieringskoste het R483 miljoen (2019: R478 miljoen) bedra, terwyl ander netto korporatiewe koste R120 miljoen (2019: R119 miljoen) bedra het.

VERDIENSTE

Totale verdienste het met 71.1% tot R1 250 miljoen (2019: R4 329 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die afname in die wesensverdienste van voortgesette bedrywighede soos hierbo verduidelik (af met R1 554 miljoen) en die geëkwiteerde verdienste van RMH in die vergelykende tydperk van R1 322 miljoen.

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 4.9%, vanaf R154.47 op 30 Junie 2020 tot R161.98 op 31 Desember 2020, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2020 was R96.20 (30 Junie 2020: R99.90), wat 'n diskonto van 40.6% (30 Junie 2020: 35.3%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na bladsy 12 vir volle besonderhede.

BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

RCL Foods
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 28 940 412 RCL Foods-aandele vir 'n totale bedrag van R234 miljoen verkry. Op 31 Desember 2020 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 80.4% (30 Junie 2020: 77.1%).

Milestone China Fondse
Op 31 Desember 2020 het Remgro se belegging in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) $100 miljoen bedra. Gedurende September 2020 het Remgro 'n uitkering van $12 miljoen van Milestone III ontvang, wat die kumulatiewe uitkerings tot $83 miljoen verhoog het. Op 31 Desember 2020 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III $65 miljoen bedra.

PRIF
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n bykomende R43 miljoen in PRIF belê en uitkerings van R6 miljoen ontvang, waardeur die kumulatiewe belegging tot R415 miljoen en die kumulatiewe uitkerings tot R263 miljoen verhoog is. Op 31 Desember 2020 het die billike waarde van Remgro se belegging in PRIF R359 miljoen bedra, en die oorblywende verpligting R235 miljoen.

Sedert 31 Desember 2020 het Remgro 'n verdere R46 miljoen in PRIF belê en uitkerings van R74 miljoen ontvang.

KTH
Gedurende November 2020 het Tiso Blackstar Group Eiendoms Beperk, deur verskeie stappe wat onderling verband hou, sy belegging van 20.0% in KTH beëindig, wat Remgro se belang in KTH tot 43.0% (30 Junie 2020: 36.3%) verhoog het.

Ander
Ander kleiner beleggings het R178 miljoen bedra.

Gebeure na 31 Desember 2020

CIVH
Op 20 Januarie 2021 het Remgro, ingevolge 'n regte-uitgifte deur CIVH, vir 'n bykomende 54 738 aandele ten bedrae van R1 636 miljoen ingeskryf. Die opbrengs uit die regte-uitgifte is hoofsaaklik gebruik om die CIVH-groep se skuld te verminder en kapitaal vir toekomstige groei te ontsluit. Vanweë die aandele-inskrywing het Remgro se belang in CIVH marginaal tot 55.2% (31 Desember 2020: 54.7%) toegeneem.

GROEP FINANSIËLE OORSIG (vervolg)

BELEGGINGSAKTIWITEITE (vervolg)

Asia Partners I LP (Asia Partners)

In die tydperk onder oorsig het Remgro hom verbind om $25 miljoen in Asia Partners te belê. Asia Partners het ‘n aanvanklike teikengrootte van $300 miljoen vir sy fonds gestel, wat private ekwiteits- en private ekwiteitsverwante beleggings maak in tegnologie- en tegnologiebemagtigde maatskappye, met die fokus hoofsaaklik op die Suidoos-Asiëstreek. Op 3 Februarie 2021 het Remgro $10 miljoen belê, waarvan $1 miljoen verband hou met fondssluitingskoste, wat die oorblywende verpligting ten opsigte van Asia Partners op $16 miljoen te staan bring. Op 3 Maart 2021 het Asia Partners die finale sluiting van die fonds met $384 miljoen se bewilligde fondse aangekondig.

Distell

Op 28 Desember 2020 het die Suid-Afrikaanse regering ‘n verdere verbod, wat onmiddellik van krag was, op die verkoop van alkohol aangekondig as deel van die maatreëls om die verspreiding van Covid-19 te bekamp. Die verbod is op 2 Februarie 2021 opgehef. Distell kon gedurende die verbod steeds produkte in Suid-Afrika vervaardig en met sy normale uitvoerbedrywighede voortgaan. Ander belangrike gebiede waar Distell sake bedryf, is nie in dieselfde mate geraak nie en die maatskappy kon dus byna normaal handel dryf in ooreenstemming met die algemene ekonomiese beperkings in die onderskeie gebiede. Distell het die nadelige gevolge van die alkoholverbod op sy likiditeitsvooruitskattings evalueer en tot die slotsom gekom dat dit steeds ‘n lopende saak bly.

Buiten bogenoemde was daar geen ander beduidende gebeure sedert 31 Desember 2020 nie.

FINANSIERINGSAKTIWITEITE

Gedurende die 2016-finansiële jaar het Remgro omruilbare skuldbriewe ten bedrae van £350.0 miljoen (deur sy volfiliaal, Remgro Jersey GBP Beperk) uitgereik. Die omruilbare skuldbriewe het ‘n termyn van vyf jaar en ‘n vaste koeponkoers van 2.625%, halfjaarliks betaalbaar, gehad. Die omruilbare skuldbriewe was omruilbaar vir nagenoeg 30.9 miljoen Mediclinic-aandele en/of kontant, en die omruilprys vir die skuldbriewe was £11.3086 per Mediclinic-aandeel, wat ‘n premie van 30% verteenwoordig tot die geweegde gemiddelde prys van die Londense Effektebeurs (LSE) tussen die bekendstelling en die prysbepaling van die skuldbriefaanbod. By die omruiling of aflossing van die skuldbriewe, het Remgro die diskresionêre reg gehad om ‘n bedrag in kontant, of aandele, of ‘n kombinasie van kontant en aandele, te lewer. Die skuldbriewe is op 23 Maart 2016 vir verhandeling in die opemarkafdeling (Freiverkehr) van Frankfurt se Effektebeurs ingesluit. Op 22 Maart 2021 het Remgro die omruilbare skuldbriewe met kontant afgelos.

TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2020 is 3 297 213 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur ‘n vol-filiaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-skemas te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is 11 829 Remgro gewone aandele aangewend ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers te vereffen.

Op 31 Desember 2020 is 3 285 384 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele gehou.

KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Desember 2020 was soos volg:

	31 Desember 2020			30 Junie 2020
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**4 855**	**10 826**	**15 681**	15 631
Belegging in geldmarkfondse	**5 745**	**-**	**5 745**	4 945
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(3 633)**	**(1 293)**	**(4 926)**	(3 503)
Kontant by die kern	**6 967**	**9 533**	**16 500**	17 073

Op 31 Desember 2020 was ongeveer 27% (R4 470 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

VERANDERINGE AAN DIREKSIE

Die volgende veranderinge was effektief 30 November 2020:

- Me S E N De Bruyn is as lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee aangestel;
- Mnr P K Harris het as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die direksie afgetree;
- Mnr J Malherbe het as mede-ondervoorsitter bedank;
- Mnr K M S Rantloane is as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en lid van die beleggingskomitee aangestel, welke direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word.

Die direksie bedank mnr P K Harris vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend No. 41

Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 30 sent (2019: 215 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die ses maande geëindig 31 Desember 2020. Die tussendividend is afwaarts aangepas om die uitwerking van die RMH-ontbondeling en die impak van die Covid-19-pandemie in berekening te bring.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 6 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 24 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelasting-ooreenkoms.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 20 April 2021
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 21 April 2021
Rekorddatum	Vrydag, 23 April 2021
Betaaldatum	Maandag, 26 April 2021

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 21 April 2021, en Vrydag, 23 April 2021, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
Goedgekeur deur die direksie: 24 Maart 2021
SENS vrystellingsdatum: 25 Maart 2021

Remgro Beperk

SAMESTELLING VAN TOTALE WESENSVERDIENSTE[1]

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	% Verandering	Ses maande geëindig 31 Desember 2019
Gesondheidsorg			
Mediclinic	**170**	*(80.2)*	858
Verbruikersprodukte			
RCL Foods	**411**	*14.5*	359
Distell - entiteitsbydrae	**428**	*11.5*	384
- *IFRS 3* uitgawe[2]	**(23)**	-	(23)
Siqalo Foods - entiteitsbydrae	**242**	*(18.5)*	297
- *IFRS 3* uitgawe[2]	**(40)**	-	(40)
Finansiële dienste			
RMI	**488**	*(3.2)*	504
Business Partners	**18**	*(25.0)*	24
Infrastruktuur			
CIVH	**(209)**	*(6.1)*	(197)
Grindrod	**15**	*(63.4)*	41
SEACOM	**35**	*288.9*	9
Ander infrastruktuurbeleggings	**(59)**	*(156.5)*	(23)
Nywerheid			
Air Products	**153**	*(10.0)*	170
Total	**98**	*(41.0)*	166
Wispeco	**148**	*120.9*	67
Ander nywerheidsbeleggings	**(14)**	*17.6*	(17)
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie			
KTH	**11**	*(89.2)*	102
Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**(23)**	*14.8*	(27)
Media			
eMedia Investments	**7**	*(80.6)*	36
Ander mediabeleggings	**3**	*(66.7)*	9
Portefeuljebeleggings			
FirstRand	**-**	*(100.0)*	548
Ander portefeuljebeleggings	**42**	*68.0*	25
Maatskaplike impakbeleggings	**(14)**	-	-
Sentrale tesourie			
Finansieringsinkomste	**114**	*(58.7)*	276
Finansieringskoste	**(483)**	*(1.0)*	(478)
Opsie hermeting	**-**	*(100.0)*	1
Ander netto korporatiewe koste	**(120)**	*(0.8)*	(119)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**1 398**	*(52.6)*	2 952
Beëindigde bedrywighede	**-**	*(100.0)*	1 290
Totale wesensverdienste	**1 398**	*(67.0)*	4 242
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**565.0**	-	565.0
Totale wesensverdienste per aandeel (sent)	**247.4**	*(67.1)*	750.9

1. *Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 4.*
2. *IFRS 3 uitgawe verteenwoordig die amortisasie en waardevermindering uitgawes, netto van belasting, wat verband hou met die addisionele bates geïdentifiseer toe Remgro beheer oor daardie entiteite verkry het.*

Remgro Beperk

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE[1]

R miljoen	31 Desember 2020 Boekwaarde	31 Desember 2020 Intrinsieke waarde[2]	30 Junie 2020 Boekwaarde	30 Junie 2020 Intrinsieke waarde[2]
Gesondheidsorg				
Mediclinic[3]	**25 518**	**18 678**	27 443	18 769
Verbruikersprodukte				
RCL Foods[3]	**7 980**	**6 034**	7 189	6 029
Distell[3]	**7 453**	**6 639**	7 128	5 330
Siqalo Foods	**6 159**	**6 439**	6 285	6 145
Finansiële dienste				
RMI	**9 959**	**15 046**	9 736	13 708
Business Partners[3]	**1 276**	**1 257**	1 244	1 232
Infrastruktuur				
CIVH	**3 780**	**10 326**	4 458	10 584
Grindrod	**482**	**875**	532	532
SEACOM	**50**	**874**	8	909
Ander infrastruktuurbeleggings	**34**	**254**	226	226
Nywerheid				
Air Products	**1 144**	**4 107**	1 264	3 979
Total	**2 050**	**2 427**	2 029	2 515
Wispeco	**1 135**	**1 145**	1 008	810
Ander nywerheidsbeleggings	**181**	**314**	205	309
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie				
KTH	**1 540**	**1 890**	1 601	1 961
Milestone III	**958**	**958**	1 251	1 251
Prescient China Equity Fund	**1 189**	**1 189**	1 156	1 156
Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**1 159**	**1 113**	1 050	1 107
Media				
eMedia Investments[3]	**803**	**736**	805	947
Ander mediabeleggings	**59**	**67**	41	41
Portefeuljebeleggings				
FirstRand[4]	**9 027**	**9 027**	7 068	7 068
Ander portefeuljebeleggings	**652**	**652**	782	782
Maatskaplike impakbeleggings	**318**	**318**	331	331
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[5]	**16 500**	**16 500**	17 073	17 073
Skuld by die kern	**(14 866)**	**(14 866)**	(15 288)	(15 288)
Ander netto korporatiewe bates	**2 197**	**2 859**	2 148	2 817
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**86 737**	**94 858**	86 773	90 323
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[6]		**(3 340)**		(3 050)
INBW na belasting	**86 737**	**91 518**	86 773	87 273
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**565.0**	**565.0**	565.0	565.0
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**153.52**	**161.98**	153.59	154.47
Remgro aandeelprys (Rand)		**96.20**		99.90
Persentasie diskonto tot INBW		**40.6**		35.3

1. *Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 4.*
2. *Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke netto batewaarde, word ongenoteerde beleggings teen IFRS 13: Billike waarde metingswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.*
3. *Remgro het die verhaalbare bedrae vir Mediclinic, RCL Foods, Distell, Business Partners en eMedia Investments bepaal, wat meer is as die beleggings se drawaardes.*
4. *Die intrinsieke waarde vir FirsRand sluit die belegging teen markwaarde minus uitgestelde kapitaalwinsbelasting (KWB) op die belegging asook die na-belaste nulkosteband verskansing op 60 000 000 FirsRand-aandele in, wat 'n verpligting van R334 miljoen (30 Junie 2020: 'n bate van R78 miljoen) bedra.*
5. *Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Distell, Siqalo Foods en Wispeco), uit.*
6. *Die potensiële KWB-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Addisioneel tot FirstRand, is die uitgestelde KWB op beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste ingesluit in die beleggingsmaatskappy se lynitem hierbo.*

GROEP FINANSIËLE STATE

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**16 777**	17 196	16 845
Beleggingseiendomme	**117**	117	109
Ontasbare bates	**20 759**	23 854	21 067
Beleggings - Geëkwiteer	**48 927**	74 818	50 991
- Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (BWAOI)[1]	**15 236**	3 406	12 505
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies (BWWV)	**137**	153	309
Verskansingsinstrumente	**-**	-	101
Aftreevoordele	**995**	783	868
Langtermynlenings en debiteure	**163**	293	181
Uitgestelde belasting	**198**	199	190
	103 309	120 819	103 166
Bedryfsbates	**47 676**	44 220	43 933
Voorraad	**12 184**	11 889	12 032
Biologiese landboubates	**815**	744	805
Debiteure en korttermynlenings	**12 867**	12 294	9 958
Finansiële bates teen BWWV	**192**	157	11
Belasting	**94**	107	258
Belegging in geldmarkfondse	**5 745**	5 095	4 945
Kontant en kontantekwivalente	**15 681**	13 933	15 631
	47 578	44 219	43 640
Bates gehou vir verkoop	**98**	1	293
Totale bates	**150 985**	165 039	147 099
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**13 416**	13 416	13 416
Reserwes	**73 883**	92 620	73 921
Tesourie-aandele	**(562)**	(565)	(564)
Aandeelhouersekwiteit	**86 737**	105 471	86 773
Nie-beherende belang	**15 072**	15 554	14 670
Totale ekwiteit	**101 809**	121 025	101 443
Nie-bedryfslaste	**24 209**	29 032	23 139
Aftreevoordele	**152**	196	141
Langtermynlenings	**15 296**	21 307	15 167
Huurverpligtinge	**1 621**	1 830	1 725
Uitgestelde belasting	**6 710**	5 698	6 106
Verskansingsinstrumente	**430**	-	-
Finansiële laste teen BWWV	**-**	1	-
Bedryfslaste	**24 967**	14 982	22 517
Handels- en ander krediteure	**15 600**	13 050	11 616
Korttermynlenings[2]	**8 492**	1 289	10 158
Huurverpligtinge	**315**	236	310
Finansiële laste teen BWWV	**225**	63	279
Belasting	**335**	344	154
Totale ekwiteit en laste	**150 985**	165 039	147 099
Netto batewaarde per aandeel (Rand)[3]			
- Teen boekwaarde	**153.52**	R186.69	R153.59
- Teen intrinsieke waarde	**161.98**	R240.93	R154.47

1. *Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed op FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging van 'n "geëkwiteerde belegging" na 'n "belegging teen BWAOI" herklassifiseer.*
2. *Aangesien die omruilbare skuldbriewe van £350 miljoen 'n vervaldatum van 22 Maart 2021 het, is dit in die 2020-finansiële jaar as korttermynlenings geklassifiseer.*
3. *Afname weerspieël die RMH-ontbondeling en negatiewe impak van Covid-19 op markwaardes (genoteerdes) en billike waardes (ongenoteerdes) van onderliggende beleggings.*

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE			
Omset	**34 060**	31 564	54 732
Voorraaduitgawes	**(19 857)**	(18 635)	(32 291)
Personeelkoste	**(4 324)**	(4 346)	(8 451)
Waardevermindering	**(837)**	(818)	(1 682)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(6 077)**	(5 128)	(10 763)
Handelswins	**2 965**	2 637	1 545
Dividendinkomste	**50**	27	45
Rente ontvang	**220**	463	862
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie	**-**	1	2
Finansieringskoste	**(846)**	(876)	(1 876)
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**1**	129	(4 234)
Verliesvoorsienings op lenings	**19**	(16)	(290)
Wins met winskoop	**-**	110	278
Wins/(verlies) met verkoop en verwatering van beleggings	**-**	(10)	4 220
Gekonsolideerde wins voor belasting	**2 409**	2 465	552
Belasting	**(885)**	(827)	(452)
Gekonsolideerde wins na belasting	**1 524**	1 638	100
Belang in na-belaste wins/(verlies) van geëkwiteerde beleggings	**753**	2 250	(2 272)
Netto wins/(verlies) vir die tydperk van voortgesette bedrywighede	**2 277**	3 888	(2 172)
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE[1]			
Wins vir die tydperk van beëindigde bedrywighede	**-**	1 322	8 755
Netto wins vir die tydperk	**2 277**	5 210	6 583
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**1 250**	4 329	6 646
Voortgesette bedrywighede	**1 250**	3 007	(2 109)
Beëindigde bedrywighede	**-**	1 322	8 755
Nie-beherende belang	**1 027**	881	(63)
	2 277	5 210	6 583

GEËKWITEERDE BELEGGINGS

Belang in na-belaste wins/(verlies) van geëkwiteerde beleggings			
Wins voor inagneming van waardedalings en nie-herhalende items	**1 462**	4 379	5 176
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(227)**	(177)	(4 810)
Wins met die verkoop van beleggings	**3**	42	87
Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**3**	10	(21)
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**1 241**	4 254	432
Belasting	**(406)**	(468)	(952)
Nie-beherende belang	**(82)**	(214)	(358)
	753	3 572	(878)
Voortgesette bedrywighede	**753**	2 250	(2 272)
Beëindigde bedrywighede	**-**	1 322	1 394

1. *Op 31 Maart 2020 is die belegging in RMH van "belegging – geëkwiteer" na "bates gehou vir uitkering" oorgedra. Wins van beëindigde bedrywighede sluit die geëkwiteerde inkomste van RMH vir alle tydperke aangebied, in, asook die wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling vir die jaar geëindig 30 Junie 2020.*

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE			
Netto verlies vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**1 250**	3 007	(2 109)
Waardedaling van geëkwiteerde beleggings[1]	**-**	(133)	930
Terugskrywing van waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**-**	-	(73)
Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**2**	4	639
Terugskrywing van waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**(3)**	-	(2)
Waardedaling van beleggingseiendomme	**-**	-	10
Waardedaling van ontasbare en ander bates[2]	**-**	-	2 730
Wins met winskoop	**-**	(110)	(278)
Wins met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings[3]	**-**	(2)	(4 241)
Verlies met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**-**	12	21
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(134)**	(18)	(56)
Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**8**	-	18
Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**195**	135	4 725
- (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(26)**	(22)	16
- Wins met verkoop van beleggings	**(16)**	(21)	(130)
- Verlies met verkoop van beleggings	**13**	11	8
- Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde[4]	**227**	177	4 810
- Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**(3)**	(10)	21
Belastinguitwerking van aansuiwerings	**36**	36	(204)
Nie-beherende belang	**44**	21	(373)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**1 398**	2 952	1 737
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE			
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**-**	1 322	8 755
Wins met verkoop van geëkwiteerde beleggings[5]	**-**	-	(7 360)
Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings			
- Verlies/(wins) met verkoop van beleggings	**-**	(32)	35
Wesensverdienste van beëindigde bedrywighede	**-**	1 290	1 430
Totale wesensverdienste van voortgesette en beëindigde bedrywighede	**1 398**	4 242	3 167

1. *Verwys na "Netto waardedalings van geëkwiteerde beleggings" onder "Addisionele inligting" vir meer besonderhede.*
2. *Verwys na "Ontasbare bates" onder "Addisionele inligting" vir meer besonderhede.*
3. *"Wins met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings" vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 sluit die wins ten bedrae van R4 228 miljoen wat gerealiseer is met die FirstRand-herklassifikasie, in.*
4. *"Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde" van geëkwiteerde beleggings vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 sluit Remgro se gedeelte van die waardedalings van Mediclinic se bates in Switserland en die Midde-Ooste in, asook sy belegging in Spire ten bedrae van R4 330 miljoen.*
5. *"Wins met verkoop van geëkwiteerde beleggings" vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 sluit die wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling in.*

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Totale wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**247.4**	750.9	560.6
Voortgesette bedrywighede	**247.4**	522.5	307.5
Beëindigde bedrywighede	**-**	228.4	253.1
– Verwater	**245.6**	747.4	558.4
Voortgesette bedrywighede	**245.6**	519.5	305.6
Beëindigde bedrywighede	**-**	227.9	252.8
Verdienste per aandeel			
– Basies	**221.2**	766.3	1 176.4
Voortgesette bedrywighede	**221.2**	532.3	(373.3)
Beëindigde bedrywighede	**-**	234.0	1 549.7
– Verwater	**219.7**	762.7	1 173.6
Voortgesette bedrywighede	**219.7**	529.2	(373.9)
Beëindigde bedrywighede	**-**	233.5	1 547.5
Dividende per aandeel			
Gewoon	**30.00**	215.00	265.00
– Tussen	**30.00**	215.00	215.00
– Finaal	**-**	-	50.00

AANTAL AANDELE

	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	529 217 007	529 217 007
Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	39 056 987	39 056 987
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	568 273 994	568 273 994
Aantal aandele in tesourie gehou			
Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(3 285 384)**	(3 307 147)	(3 297 213)
	564 988 610	564 966 847	564 976 781
Geweegde aantal aandele	**564 978 399**	564 952 110	564 961 299

In die bepaling van verdienste per aandeel en totale wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Netto wins vir die tydperk	**2 277**	5 210	6 583
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(1 503)**	2 226	6 554
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	**(3 480)**	891	6 880
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(504)**	(3)	(3)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**119**	-	6
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**-**	-	(1 073)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**(502)**	1 380	2 671
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**3 190**	227	(1 210)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(626)**	(31)	(668)
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**83**	29	133
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(23)**	(8)	(37)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**240**	(259)	(145)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**774**	7 436	13 137
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**(10)**	6 579	12 900
Nie-beherende belang	**784**	857	237
	774	7 436	13 137

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Saldo aan die begin van die tydperk	**101 443**	115 866	115 866
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**774**	7 436	13 137
Dividende betaal	**(309)**	(2 375)	(3 883)
Dividende *in specie*[1]	**-**	-	(23 716)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**(233)**	(3)	58
Ander bewegings	**9**	(32)	(25)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**125**	133	6
Saldo aan die einde van die tydperk	**101 809**	121 025	101 443

1. RMH-ontbondeling

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Kontantvloei - bedryfsaktiwiteite			
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**4 763**	3 029	4 340
Rente ontvang	**220**	420	777
Belasting betaal	**(445)**	(455)	(772)
Dividende ontvang	**383**	2 260	2 984
Finansieringskoste	**(838)**	(722)	(1 592)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**4 083**	4 532	5 737
Dividende betaal	**(309)**	(2 375)	(3 883)
Kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**3 774**	2 157	1 854
Kontantvloei - beleggingsaktiwiteite			
Belegging in eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(1 009)**	(1 464)	(2 467)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**134**	48	131
Opbrengs met verkoop van bates gehou vir verkoop	**287**	6	10
Besighede verkry	**-**	-	110
Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings	**202**	620	925
Toevoegings tot beleggings en lenings	**(203)**	(122)	(417)
Belegging in geldmarkfondse	**(800)**	-	(2 275)
Onttrekking van geldmarkfondse	**-**	80	2 505
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(1 389)**	(832)	(1 478)
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite			
Lenings terugbetaal	**-**	(62)	(11)
Huurbetalings	**(226)**	(192)	(406)
Ander bewegings	**233**	228	166
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite	**7**	(26)	(251)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**2 392**	1 299	125
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**(905)**	84	1 549
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**13 219**	11 545	11 545
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**14 706**	12 928	13 219
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**15 681**	13 933	15 631
Oortrokke bankrekening	**(975)**	(1 005)	(2 412)

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

ADDISIONELE INLIGTING

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en SAICA se Finansiële Rapporteringsriglyne, soos uitgereik deur die Rekenkundige Praktykekomitee, asook Finansiële Uitsprake, soos uitgereik deur die Raad op Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet (Nr 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA) opgestel. Die tussenverslag is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is. Gedurende die tydperk onder oorsig het verskeie ander interpretasies en wysigings in werking getree, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

2. ONTASBARE BATES

	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
Drawaarde aan die begin van die tydperk	**21 067**	24 024	24 024
Toevoegings	**39**	62	149
Besighede verkry	**-**	-	8
Waardedalings[1]	**-**	-	(2 730)
Amortisasie	**(269)**	(258)	(523)
Wisselkoersaanpassings	**(81)**	14	132
Vervreemdings	**(15)**	-	-
Oordragte en ander	**18**	12	7
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**20 759**	23 854	21 067

1. *As gevolg van die negatiewe impak van die Covid-19-inperking, het die groep waardedalings erken met betrekking tot klandisiewaarde wat aan Distell toegeken is (R1 809 miljoen), asook waardedalings op RCL Foods se klandisiewaarde (R598 miljoen) en ontasbare bates met 'n onbepaalde leeftyd (R315 miljoen) op 30 Junie 2020. Sedert 30 Junie 2020 het hierdie besigheidseenhede se kontantvloeie herstel en op 31 Desember 2020 het hul verhaalbare bedrae hul drawaardes oorskry.*

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

3. GEËKWITEERDE BELEGGINGS

R miljoen	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
Geassosieerdes	**44 460**	69 207	46 347
Gesamentlike ondernemings	**4 467**	5 611	4 644
	48 927	74 818	50 991
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie			
Drawaarde aan die begin van die tydperk	**50 991**	70 860	70 860
Belang in netto toeskryfbare wins/(verlies)	**753**	3 572	(878)
Dividende ontvang	**(397)**	(1 955)	(2 620)
Wisselkoersverskille	**(2 227)**	1 022	5 527
Beleggings gemaak	**39**	8	254
RMH-ontbondeling[1]	**-**	-	(17 182)
FirstRand-herklassifikasie[2]	**-**	-	(6 061)
Dark Fibre Africa lenings herklassifiseer na korttermyn lenings	**-**	-	(468)
Netto lenings	**31**	-	-
Netto waardedalings	**-**	133	(885)
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**(263)**	1 121	2 526
Ander bewegings	**-**	57	(82)
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**48 927**	74 818	50 991

1. *Op 31 Maart 2020 is die belegging in RMH vanaf "belegging – geëkwiteer" na "bates gehou vir uitkering" oorgedra.*
2. *Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed op FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen BWAOI herklassifiseer.*

R miljoen	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
Netto waardedalings van geëkwiteerde beleggings en verliesvoorsienings op lenings			
Terugskrywings van waardedalings/(waardedalings) is vir die volgende beleggings erken:			
Best Global Brands Beperk (BGB)[1]	**-**	-	(144)
Grindrod[2]	**-**	-	(596)
Grindrod Shipping[2]	**-**	-	(112)
Ander terugskrywings/(waardedalings)	**-**	133	(33)
	-	133	(885)

1. *Die verdere wesentlike devaluering van die Angolese kwanza gedurende die jaar geëindig 30 Junie 2020 het die verdienste van BGB negatief beïnvloed. Die verhaalbare bedrag is op 'n berekening van billike waarde minus verkoopskoste gebaseer.*
2. *Hierdie beleggings se waardes is tot die genoteerde markpryse aangepas na 'n wesentlike afname in die aandeelprys.*

Op 31 Desember 2020 was die markwaarde van die genoteerde belegging in Mediclinic R18 678 miljoen (30 Junie 2020: R18 769 miljoen), wat beduidend laer as die drawaarde van R25 518 miljoen (30 Junie 2020: R27 443 miljoen) was. Bestuur het gevolglik getoets vir waardedaling by wyse van 'n gebruikswaarde-berekening. Die gebruikswaarde-berekening was op 'n verdiskonteerde kontantvloeimodel gebaseer. Die berekening vereis die gebruik van beramings ten opsigte van kontantvloei, groei en diskontokoerse en veronderstel 'n stabiele regulatoriese omgewing. Hierdie beramings is gebaseer op inligting wat algemeen beskikbaar is, soos die konsensusvooruitskattings van ontleders en riglyne wat deur Mediclinic in sy jaarlikse resultate verskaf word. Gegewe die feit dat Mediclinic, ingevolge die noteringsvereistes van die Londense Effektebeurs en laasgenoemde se "Disclosure Guidance and Transparency Rules" inligting wat in die openbaar is, moet monitor vir billikheid teenoor sy interne begrotings en vooruitskattings, en riglyne moet publiseer indien daar 'n wesentlike afwyking is, is bestuur gemaklik dat die beramings gebruik in die verdiskonteerde kontantvloeimodel billik was.

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

Netto waardedalings van geëkwiteerde beleggings en verliesvoorsienings op lenings (vervolg)

Kontantvloeiprojeksies vir 'n vyfjaartydperk is beraam en weerspieël bestuur se beste siening van toekomstige verdienste. Die diskonto- en langtermyngroeikoers wat vir die besigheidsegmente gebruik is, was soos volg:

	Diskonto-koers (%)	Langtermyn-groeikoers (%)
Suid-Afrika	**12.7**	**5.5**
Switserland	**5.0**	**1.6**
Midde-Ooste	**8.8**	**3.0**

Enige toename in die diskontokoers of afname in die korttermyn-kontantvloeiprojeksies of langtermyn-groeikoers mag aanleiding gee tot verdere waardedalings in die toekoms. Die gebruikswaarde van die belegging was R29 419 miljoen op 31 Desember 2020 (30 Junie 2020: R28 776 miljoen) en gevolglik is geen verdere waardedaling erken nie.

4. LANGTERMYNLENINGS

R miljoen	31 Desember 2020	31 Desember 2019	30 Junie 2020
20 000 Klas A 7.5% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 508**	3 505	3 507
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 311**	4 315	4 313
Omruilbare skuldbriewe, met 'n effektiewe rentekoers van 4.5% (termyn verval 22 Maart 2021)	**7 819**	6 401	7 468
Verskeie ander lenings	**6 735**	7 209	7 456
	22 373	21 430	22 744
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(7 077)**	(123)	(7 577)
	15 296	21 307	15 167
5. TOEVOEGINGS TOT EN VERVANGING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING	**1 049**	1 401	2 976
6. KAPITAAL- EN BELEGGINGSVERPLIGTINGE[1] (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**4 155**	2 875	2 299
7. WAARBORGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE[2]	**3 694**	3 337	3 353
8. DIVIDENDE ONTVANG VANAF GEËKWITEERDE BELEGGINGS TEEN BELEGGINGS VERREKEN	**397**	1 955	2 620
9. VERWYS NA "BELEGGINGSAKTIWITEITE" ONDER "GROEP FINANSIËLE OORSIG" VIR MEER INLIGTING OOR VERWANTE PARTYTRANSAKSIES.			

1. *Die tydperk onder oorsig sluit 'n beleggingsverpligting van R1.6 miljard aan CIVH in.*
2. *Remgro het 'n waarborg aan Rand Merchant Bank uitgereik vir 'n leningsfasiliteit wat aan CIVH toegestaan is om die Vumatel verkryging te befonds. Remgro se blootstelling op 31 Desember 2020 het R3 460 miljoen bedra.*

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

10. BILLIKE WAARDE HERMETINGS

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente teen billike waarde en belegging in geldmarkfondse: billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasie-metodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde of werklike netto batewaarde van die belegging in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waardes van afgeleide instrumente wat ingesluit is by finansiële instrumente teen BWWV, word bepaal met verwysing na toepaslike waardasiemetodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
31 Desember 2020				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWAOI	**13 443**	**-**	**1 793**	**15 236**
Finansiële bates teen BWWV	**-**	**137**	**-**	**137**
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWWV	**-**	**25**	**167**	**192**
Belegging in geldmarkfondse	**5 745**	**-**	**-**	**5 745**
	19 188	**162**	**1 960**	**21 310**
LASTE				
Korttermyn instrumente teen BWWV	**-**	**225**	**-**	**225**
	-	**225**	**-**	**225**
31 Desember 2019				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWAOI	1 724	14	1 668	3 406
Finansiële bates teen BWWV	-	-	153	153
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWWV	-	17	140	157
Belegging in geldmarkfondse	5 095	-	-	5 095
	6 819	31	1 961	8 811
LASTE				
Langtermyn instrumente teen BWWV	-	1	-	1
Korttermyn instrumente teen BWWV	-	63	-	63
	-	64	-	64

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

BILLIKE WAARDE HERMETINGS (vervolg)

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
30 Junie 2020				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWAOI	10 542	101	1 963	12 606
Finansiële bates teen BWWV	-	-	309	309
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWWV	-	11	-	11
Belegging in geldmarkfondse	4 945	-	-	4 945
	15 487	112	2 272	17 871
LASTE				
Korttermyn instrumente teen BWWV	-	279	-	279
	-	279	-	279

Die volgende tabel toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die tydperk:

R miljoen	Finansiële bates teen BWAOI	Finansiële bates teen BWWV	Totaal
BATES			
Saldo's op 1 Julie 2020	**1 963**	**309**	**2 272**
Toevoegings	**145**	**-**	**145**
Vervreemdings	**(191)**	**(131)**	**(322)**
Wisselkoersaanpassings	**68**	**-**	**68**
Billike waarde aanpassings deur ander omvattende inkomste	**(192)**	**-**	**(192)**
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	**-**	**(11)**	**(11)**
Saldo's op 31 Desember 2020	**1 793**	**167**	**1 960**

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 003 miljoen en R359 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gebaseer op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat deur die gebruik van verskeie waardasiemetodologieë bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit. Remgro het ook beleggings in LifeQ Global Beperk (LifeQ) (R170 miljoen) en Bolt Technology OÜ (Bolt) (R142 miljoen), wat in Invenfin gehuisves word.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (39%), kontant en kontantekwivalente (2%) asook ongenoteerde beleggings (59%). Ongenoteerde beleggings wat teen transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R451 miljoen, terwyl sy oorblywende drie ongenoteerde beleggings teen R140 miljoen waardeer is. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep, Lumos Global, Solar Saver, Icolo, Zimborders en GridX. ETG Groep is waardeer deur 'n markgebaseerde benadering te gebruik, spesifiek die vergelykbare maatskappymetode (Besigheidswaarde/EBITDA), terwyl die ander beleggings waardeer is deur middel van die verdiskonteerde kontantvloeimetode. Die twee nuwe beleggings, naamlik Zimborders en GridX, word teen koste waardeer. Die beleggings in LifeQ en Bolt word teen koste gemeet.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n wesentlike invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

GROEP FINANSIËLE STATE (vervolg)

11. SEGMENTOMSET

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Verbruikersprodukte			
Distell	**15 374**	14 815	22 370
RCL Foods	**15 627**	14 138	27 659
Siqalo Foods	**1 605**	1 448	2 712
Nywerheid			
Wispeco	**1 454**	1 163	1 991
Totale omset	**34 060**	31 564	54 732

Gedetailleerde omsetinligting

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2020	Ses maande geëindig 31 Desember 2019	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Distell			
Spiritualieë	**6 146**	5 482	8 942
Wyn	**3 903**	3 693	5 656
Sider en gereed-om-te-drink	**5 309**	5 629	7 725
Ander	**16**	11	47
	15 374	14 815	22 370
RCL Foods	**2 762**	2 638	4 984
Verbruikersgoedere	**2 917**	2 546	5 195
Bak	**4 875**	4 700	8 814
Hoender	**4 378**	3 778	7 622
Suiker	**1 520**	1 274	2 589
Vector	**(845)**	(798)	(1 566)
Verkope tussen RCL Foods se besigheidseenhede	**94**	73	166
Groep	**15 701**	14 211	27 804
Siqalo Foods			
Smere	**1 605**	1 448	2 712
Wispeco			
Uitpers- en verwante produkte	**1 247**	1 021	1 721
Ander	**207**	142	270
	1 454	1 163	1 991
Uitskakeling van intersegment verkope	**(74)**	(73)	(145)
Totale omset	**34 060**	31 564	54 732

INLIGTING OOR ONGENOTEERDE BELEGGINGS

CIVH

CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor en is die houermaatskappy van ‘n groep maatskappye waarvan DFA en Vumatel die grootste bedryfsfiliale is.

DFA is die voorste verskaffer wat vrye toegang tot vesel- en verbindingsinfraskruktuur in Suid-Afrika bied. Dit bou, installeer, bestuur en onderhou ‘n optieseveselnetwerk wat telekommunikasieverkeer in stedelike gebiede, asook op langafstandroetes, hanteer en aan klante (telekommunikasiemaatskappye en internetdiensverskaffers (IDVs)) verhuur word deur van ‘n groothandelsmodel gebruik te maak wat vrye toegang bied. DFA beskik oor veselbates wat oor meer as 13 000 km strek en besit netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, sowel as ander kleiner stedelike gebiede soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George, om slegs ‘n paar te noem.

Vumatel is ‘n vesel-tot-huis (FTTH)-verskaffer wat vrye toegang bied. Die maatskappy verskaf FTTH in woongebiede en beskik oor meer as 19 000 km se veselbates. Vumatel verhuur sy infrastruktuur aan IDVs, wat op hul beurt breëbandkleinhandelsinternetdienste aan eindgebruikers verskaf.

CIVH het ‘n Maart-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2020 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R209 miljoen (2019: ‘n verlies van R197 miljoen) bedra. Uitgesluit rente betaal aan Remgro, het CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste in die vergelykende tydperk ‘n verlies van R219 miljoen bedra. Die onderliggende bedryfsresultate het verbeter weens ‘n 17%-toename in omset en kostebesparings in die huidige jaar.

Die groep genereer aansienlike kontant en het gedurende die tydperk meer as R500 miljoen van sy bedryfskontantvloei in die uitbreiding van sy bedrywighede en netwerkvoetspoor herbelê.

Vumatel is die FTTH-markleier in huisverbindings en aktiewe intekenaars in Suid-Afrika, met ‘n markaandeel van sowat 40% in beide metingsbasisse. Infrastruktuurinisiatiewe stel die besigheid in staat om deur sy “Reach”-produkaanbieding vesel suksesvol na gebiede met ‘n laer lewenstandaard te versprei. Sleutelfokusgebiede vir die besigheid bly die uitbreiding van sy Active Eternet- en Gigabit Passive Optic Network (GPON)-netwerke in die sekondêre stedelike mark, asook die uitbreiding van sy vermoë in “Reach”-gebiede soos Mitchells Plain, Vosloorus en Soweto.

Die Vumatel-groep se omset het, vergeleke met die vorige tydperk, met 43% tot R1 092 miljoen toegeneem, aangehelp deur geakkumuleerde intekenare-groei vir die tydperk en die verkryging van bykomende netwerke van ‘n DFA-filiaal. Covid-19 het die vraag na data versnel, wat die vertoning van die FTTH-besigheid ondersteun het. Onderliggende bedryfsverdienste het met 25% tot R297 miljoen toegeneem.

Die huidige boekwaarde van DFA se optieseveselnetwerk is meer as R10 miljard. Die netwerk se bedryfstyd vir die jaar onder oorsig was 99.985% en die gemiddelde tyd vir herstelwerk was minder as 2.5 uur, heelwat bo bedryfstandaarde. DFA se omsetmodel pas goed klante se behoeftes aan en bied buigsame betalingsopsies, met ‘n mengsel van ‘n voorafbetaalde bedrag en maandelikse annuïteit, of meerjarige kontrakte, van tot 15 jaar, op ‘n annuïteitsgrondslag. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte (ope bestellings uitgesluit) bedra meer as R10 miljard.

Die DFA-groep se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2020 het konstant gebly op R1 188 miljoen (2019: R1 190 miljoen). Die onderliggende resultate van DFA se kernbesigheid het met 8% toegeneem met annuïteitsinkomste wat tot R187 miljoen per maand toegeneem het op 30 September 2020 (30 September 2019: R174 miljoen per maand). Dit is teengewerk deur ‘n afname in inkomste na die verkryging van DFA se FTTH-netwerk deur Vumatel en laer inkomste uit konstruksiedienste. Onderliggende bedryfsverdienste het met 47% toegeneem tot R232 miljoen.

Vumatel se onafhanklike KMB-stigting, wat ten doel het om volhoubare ekostelsels te skep in gemeenskappe waar sake gedoen word, maak goeie vordering. Die doel is om ‘n betekenisvolle en volhoubare bydrae in hierdie gemeenskappe te maak en sodoende bande te versterk wat die *Vuma*-handelsmerk ondersteun en dit van mededingers onderskei op ‘n wyse wat nie maklik herhaal kan word nie. Fokusgebiede sluit onderwys, veiligheid, omgewing en gesondheidsorg in. Die besigheid gaan voort met die Vuma-skoolprojek, waar elke skool waar Vumatel verbybeweeg ‘n gratis internetdiensaanbod van 1Gbps ontvang.

INLIGTING OOR ONGENOTEERDE BELEGGINGS (vervolg)

CIVH (vervolg)

DFA se voortgesette korporatiewe maatskaplike bestedingsfokus is die vul van leemtes in die ontwikkeling van infrastruktuur, bv. die oorbrugging van die digitale kloof in gebiede met hoë armoede. Een van die positiewe gevolge is om studente toegang tot e-leer en uiteindelik nuwe werkskepping en toegang tot die ekonomie te bied.

Siqalo Foods

Siqalo Foods vervaardig smere, wat onder toonaangewende handelsmerke soos *Rama, Flora, Stork* en *Rondo* binne die Suider-Afrikaanse doeane-uniegebiede (SADU) verkoop word.

Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die ses maande onder oorsig R242 miljoen (2019: R297 miljoen) bedra, met uitsluiting van bykomende *IFRS 3*-amortisasie van R40 miljoen (2019: R40 miljoen).

Die vorige tydperk het ‘n na-belaste afsluitingsbedrag van R31 miljoen vanaf Unilever ingesluit. Met uitsluiting van hierdie afsluitingsbedrag, het Siqalo Foods se bydrae tot wesensverdienste van R266 miljoen tot R242 miljoen (of met 9.0%) afgeneem. Gedurende ‘n uitdagende en stormagtige tydperk, wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is, sowel as ‘n swak Suid-Afrikaanse rand, wat prysdruk op ingevoerde grondstowwe geplaas het, het Siqalo Foods sedert die eerste inperkingstydperk verhoogde vraag ervaar. Dit het gelei tot ‘n toename van 6.2% in volumes en ‘n 5%-toename in bedryfs-EBITDA vergeleke met die vorige tydperk. Rente-inkomste het met 54% afgeneem weens laer kontantbalanse na dividend- en tantièmebetalings, asook die afname in rentekoerse. Die besigheid gaan voort om, in ooreenstemming met vorige tydperke, sterk resultate te lewer danksy sy toonaangewende handelsmerke. Op 30 November 2020 het Siqalo Foods ‘n saamgestelde 12-maande-bewegende gemiddelde waarde-markaandeel van 69.9% gehad. Siqalo Foods bly daartoe verbind om sy handelsmerke en volumes te laat groei en, ondanks gedempte ekonomiese toestande, sy winsmarges in 2021 te handhaaf.

Twee kontrakte is met RCL Foods gesluit. Vector Logistics hanteer die verspreiding, verkope en afset, terwyl ‘n bestuursdienstekontrak sekere dienste reguleer wat die RCL Foods Shared Services-platform op ‘n armlengte-basis aan Siqalo Foods lewer. Die resultaat is ‘n innoverende, alternatiewe sakemodel wat die vermoë in die breër Remgro-groep benut.

Air Products

Air Products het ‘n September-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2020 is ingesluit by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 10.0% tot R153 miljoen (2019: R170 miljoen) afgeneem.

Air Products se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2020 het met 6.4% tot R1 569 miljoen (2019: R1 677 miljoen) afgeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk met 13.7% tot R408 miljoen (2019: R473 miljoen) afgeneem het.

Die tydperk onder oorsig is deur moeilike handelstoestande gekenmerk, hoofsaaklik weens die impak van Covid-19. Vraag na die maatskappy se produkte was gedemp in die meeste sektore, terwyl kostebesnoeiingsmaatreëls ingestel is om die negatiewe uitwerking op verdienste te verminder.

Total

Total het ‘n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2020 is ingesluit by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2020 het R98 miljoen (2019: R166 miljoen) bedra.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2020 het met 27.4% tot R28 092 miljoen (2019: R38 679 miljoen) afgeneem, weens laer volumes wat verkoop is as gevolg van die maatreëls wat die regering ingestel het ten opsigte van Covid-19, asook die afname in die brandstofprys gedurende die inperking. Voorraadherwaardasies het ‘n wins van R198 miljoen (2019: wins van R16 miljoen) gelewer.

Total het negatiewe raffineringsmarges ervaar in die ses maande geëindig 31 Desember 2020 weens die erg gedempte ekonomiese omgewing wat deur die pandemie veroorsaak is. Natref se gemiddelde raffineringsmarge-aanwyser het in die tydperk van $34 per ton (vir die ses maande geëindig 31 Desember 2019) tot -$0.4 per ton afgeneem hoofsaaklik weens die afname in produkkraking.

INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS (vervolg)

KTH

KTH is ‘n toonaangewende swart beleggingsmaatskappy met ‘n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje, wat die volgende sektore insluit: nywerheid, dienste, media, finansiële dienste en gesondheidsorg.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R11 miljoen (2019: R102 miljoen) bedra. Die afname in KTH se wesensverdienste was hoofsaaklik weens minder geëkwiteerde inkomste, negatiewe billike waarde aanpassings en laer inkomste uit Kagiso Media as gevolg van die impak van Covid-19. Inkomste uit geëkwiteerde beleggings het tot R52 miljoen (2019: R169 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik aangehelp deur die verkoop van Fidelity Bank (Ghana) Beperk en laer verdienste van Momentum Metropolitan weens die impak van Covid-19. Negatiewe billike waarde aanpassings het R44 miljoen (2019: positiewe billike waarde aanpassings van R41 miljoen) bedra, hoofsaaklik weens die beleggings in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk (R25 miljoen) en Momentum Metropolitan (R14 miljoen). Netto finansieringskoste vir die tydperk het tot R17 miljoen (2019: R31 miljoen) afgeneem vanweë laer skuldvlakke en koste van skuld by die kern na die terugbetaling van die genoteerde skuldbriefinstrument van R800 miljoen in Augustus 2020.

KTH se verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers het R188 miljoen (2019: wins van R230 miljoen) bedra. Buiten die afname in wesensverdienste het KTH ook waardedalingsverliese op sy beleggings in Momentum Metropolitan (R167 miljoen) en Servest Group Eiendoms Beperk (R27 miljoen) erken.

Business Partners

Business Partners het ‘n Maart-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2020 is ingesluit by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig. Business Partners se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R18 miljoen (2019: R24 miljoen) bedra.

Business Partners is ‘n gespesialiseerde finansiële dienstegroep wat risikofinansiering, mentorskap en sakepersele aan klein en mediumgrootte ondernemings (KMO’s) beskikbaar stel. Benewens sy bedrywighede in Suid-Afrika, bestuur die groep KMO-beleggingsfondse namens internasionale beleggers in Oos- en Suider-Afrika. Die groep se beleggingseiendomsportefeulje, bestaande uit kleinhandel- en nywerheidspersele, word bestuur deur ‘n toegewyde eiendomsbestuurspan, wat ook eiendomsbestuursdienste aan die mark verskaf.

Die afname in ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika gedurende die tweede kwartaal van die 2020 kalenderjaar het ‘n wesentlike uitwerking op ‘n aantal van Business Partners se sakebeleggingskliënte, sowel as huurders, gehad. Verligting is verleen en kliënte is gedurende die verslagtydperk ondersteun deur die verskaffing van bykomende finansiële bystand, tegemoetkomende terugbetalings- en huurvoorwaardes, asook verminderde tariewe.

Die netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers het R53 miljoen bedra, wat ‘n afname van 44.4% vanaf 30 September 2019 verteenwoordig. Netto rente-inkomste het met 12.4% afgeneem, hoofsaaklik weens die afname in die prima-rentekoers van 10.2% in die ooreenstemmende tydperk tot ‘n gemiddelde van 7.5% in die tydperk tot 30 September 2020. Netto eiendomsinkomste het met 22.7% afgeneem weens huurverligting wat in die verslagtydperk aan kliënte verskaf is, asook ‘n aansienlike toename in onbesette ruimtes. Laasgenoemde het van 5.5% in September 2019 tot 9.3% in September 2020 toegeneem. Die voorsiening vir verwagte kredietverliese wat erken word, het op 30 September 2020 R432 miljoen (13.1% van die portefeulje) bedra, ‘n aansienlike toename van die R330 miljoen (10.3% van die portefeulje) wat op 30 September 2019 erken is.

Business Partners het in die tydperk onder oorsig 173 beleggings ten bedrae van R206 miljoen goedgekeur, wat heelwat minder is as die R547 miljoen wat in die ooreenstemmende tydperk goedgekeur is.

Business Partners administreer ook die Sukuma-fonds, ‘n KMO-bystandsinisiatief ten bedrae van R1 miljard wat deur die Rupert-gesin, Remgro en ander donateurs befonds word. Die Sukuma-fonds verskaf finansiële bystand deur middel van skenkings en lae rentekoerslenings aan kwalifiserende KMO’s en formele alleeneienaars (FSPs). The Sukuma-fonds is op 3 April 2020 geloods, enkele dae nadat die nasionale inperking aangekondig is. Op 31 Desember 2020, was meer as 6 000 voltooide aansoeke beoordeel en bystandsbefondsing ter waarde van R807 miljoen aan 1 303 KMO’s verskaf, asook skenkings vir ‘n bykomende R65 miljoen aan 2 611 FSPs .

INLIGTING OOR ONGENOTEERDE BELEGGINGS (vervolg)

Wispeco

Wispeco se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2020 het met 25.0% tot R1 454 miljoen (2019: R1 163 miljoen) toegeneem. Met die gemiddelde verkoopsmarge wat bestendig bo die koste van grondstowwe gebly het, kan die verbetering aan hoër verkoopsvolumes toegeskryf word. Wispeco se resultate is positief beïnvloed deur die laer invoere van uitpersprodukte weens Covid-19-beperkings, sowel as 'n vermindering in die Suider-Afrikaanse uitperskapasiteit aan die einde van 2019 as gevolg van die sluiting van sommige aanlegte. Wispeco se konsolidasie van werksaamhede by die Alrode-aanleg sluit die inbedryfstelling van twee moderne uitpersproduksielyne in, wat die kapasiteit skep om 'n groter vraag te hanteer en skaalbesparings, asook vervaardigingseffektiwiteit, te ondersteun. Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het tot R148 miljoen (2019: R67 miljoen) toegeneem.

Wispeco gaan voort om leiding te gee in die mark met produkinnovasie en sagteware-oplossings om die verkoop van sy produkte te ondersteun. Die *Crealco*-handelsmerk is sterk en goed geposisioneer as die plaaslike maatstaf vir argitektoniese aluminiumprodukte.

SEACOM

Remgro het 'n effektiewe ekonomiese belang van 30% in SEACOM, wat optieseveselgebaseerde telekommunikasiestelsels deur stedelike, streeks- en internasionale roetenetwerke in Suider- en Oos-Afrika bedryf en bemark.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2020 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM het 'n wins van R35 miljoen (2019: R9 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra vir die tydperk onder oorsig. Daar was 'n marginale vermindering in omset as gevolg van eenmalige items wat by omset ingesluit is. Dit is teengewerk deur volgehoue kostebesparing, sowel as 'n vermindering in rente en *IFRS 16*-verwante koste.

SEACOM verskaf hoë kapasiteit internasionale en plaaslike bandwydtedienste aan klante in die vorm van internasionale privaatlyne, IP-transitodienste, internettoegang en wolkdienste. Die maatskappy gaan voort om sy dienste in die ondernemings- en diensverskaffersmark uit te brei deur nasionale langafstand-, metro- en laastemyl-veseloplossings aan klante te bied deur die verskaffing van hoë kapasiteit internet-, metro-eternet- en wolkdienste.

Daar was 'n verhoogde vraag na die gebruik van data en wolkdienste. SEACOM se vermoë om aan te pas by die snel ontwikkelende datamark en te investeer in sy land- en ondersese netwerk stel dit in staat om te reageer op die toenemende vraag na vinniger en meer betroubare datadienste, wat van kritieke belang is om sy mededingende posisie te handhaaf.

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter),* F Robertson* *(Ondervoorsitter)*
S E N De Bruyn*, N P Mageza*, J Malherbe,
P J Moleketi*, M Morobe*, P J Neethling,
G G Nieuwoudt*, K M S Rantloane*, A E Rupert
(* *Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Dreyer

Notering
JSE Beperk
Sektor: Finansieel – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millennia Park, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Privaatsak X9000, Saxonwold 2132)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (‘n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com